

# Geloofsvorming

## 1. OPDRAG

Die Algemene Sinode van 2013 het bediening aan die Jeug (geloofsvorming, kategeese, jeugontwikkeling, ens) as een van die vlagskipprioriteite van die Algemene Sinode geïdentifiseer.

## 2. AGTERGROND

*Die jeug kan nie langer geïgnoreer word nie. “Vandag is daar 80 state in die wêreld wat ’n mediaanouderdom van 25 of minder het. As ’n groep het hierdie lande ’n disproporsionele impak op wêreldgebeure. Sedert die 1970’s het nagenoeg 80% van alle gewapende burgerlike en etniese geweld ontstaan in lande met sterk jeugpopulasies” – Moisés Naím*

Die bediening van die NG Kerk aan haar jeug was vir jare in ’n baie effektiewe netwerk georganiseer wat op Algemene Sinodale vlak saamgetrek is in die AJK. Daar was naas die AJK egter ook sinodale-, rings- en gemeentejeugkommissies. Tydens die sinode van 2002 by Hartenbos het hierdie bediening tot ’n einde gekom en is die bates van die AJK aan die Algemene Sinode oorgedra. Vir ’n tyd lank het die jeugwerk toe onder die Algemene Diensgroepe vir Gemeente-ontwikkeling (ADGO) geressorteer en in dié bedeling het JONK ’n prominente rol gespeel. Mettertyd het dit egter ook gesneeu.

Uit gesprekke het dit ook duidelik geword dat groter gemeentes en sinodes wat oor ruim kapasiteit beskik as’t ware op hul eie heel suksesvol met ’n jeugbediening kon voortgaan, maar dat dit veral in kleiner gemeentes en meer afgeleë gebiede is waar die bediening begin swaarkry het.

Ons het verder besef dat Artikel 43 en die streng toepassing daarvan ons voor ’n uitdaging te staan gebring het omdat dié artikel die Algemene Sinode daarvan weerhou om direk met gemeentes te werk. Die vraag is: Hoe gemaak as jy besef dat daar op voetsoolvlak ’n probleem ontwikkel?

Na gesprekke tydens die Algemene Sinode en by die ASM, is daar besef dat jeugwerk skade ly en is besluit om ’n informele JEUGNETWERK met jong verteenwoordigers uit die verskillende sinodes op die been te bring sodat daar weer êrens strategies en op verteenwoordigende wyse oor jeugwerk binne die NG Kerk besin kan word.

## 3. SAMESTELLING VAN DIE JEUGNETWERK

Die Jeugnetwerk is sinodaal saamgestel met die volgende verteenwoordigers:

Braam Hanekom – Moderamen/sameroeper  
Shaun Darker – Vrystaat  
Rupert de Koning – KwaZulu-Natal  
MARIKE Els – Oos-Kaapland  
Gielie Loubser – Wes- en Suid-Kaapland  
Anton Badenhorst – Oostelike Sinode  
Santie Nel – Noord-Kaapland  
Willem Pretorius – Noordelike Sinode  
Jaco Schoeman – Wes-Transvaal  
Henk Theart – Wes-Transvaal  
Gert van der Merwe – Hoëveld  
Ester Steyn – Logistiek

## 4. WERKSAAMHEDE

Die volgende opmerkings en aanbevelings vloei uit die werksaamhede van die groep voort:

### 4.1. #IMAGINE

By die vorige sinode (2013) is die *#imagine*-inisiatief bekendgestel. Twee siklusse van jeugfeeste het gevolg. Die laaste een is deur 8027 jongmense van oor die hele land en Namibië bygewoon. Hier het ongetwyfeld ’n klomp (geestelike) energie losgekrom. Twee vrae hang in die lug: Eerstens, wat gaan

ons met die energie maak wat losgekrom het, en tweedens, is ons gereed om konkreet – ook finansiële – verdere inisiatiewe te ondersteun?

## 4.2 KATEGESE

**4.2.1** Die groep bevestig graag die uitgangspunt dat beide inhoud en ervaringsleer in ons kategetiese onderrig aandag behoort te kry. Ons is dankbaar oor die aksent wat die kategesegroep wel op inhoud plaas. Gemeentes word ook aangemoedig om nie ervaringsleer, hoe belangrik ook al, ten koste van inhoud te ooraksentueer nie. Dit is onmoontlik om volronde volwasse lidmate daar te stel as hulle nie ook genoegsame inhoudelike kennis het nie. Daar is 'n gesegde wat lui *“Christianity has become a vague belief, firmly held”*. Die vrees is dat ons geloofsinhoude so vaag geword het dat daar later ook nie veel meer is om aan vas te hou nie.

**4.2.2** Daar is ook in die groep 'n verdere behoefte raakgesien. Daar kan na ons mening nie genoeg ondersteunende onderrig aan kategete gegee word nie. Dit gaan nie net oor die inhoud nie, maar oor die vaardige oordrag van die inhoud. Ons hoop dat die kerk steeds meer in dié verband sal doen.

**4.2.3** In hierdie opsig kan die betrokkenheid van meer volwasse lidmate by die jeugbediening nie genoeg onderstreep word nie. Ons het nie net mense nodig wat met die formele kategetiese onderrig kan help nie, maar ook volwassenes wat as gelowige mentors kan optree.

## 4.3 FAMILIE- EN GESINSBEDIENING

**4.3.1** Daar het die afgelope tyd 'n nuwe gedagtegang in die NG Kerk ontwikkel, naamlik dat familiebediening die weg vorentoe is vir jeugbediening in die kerk. Op sigself geneem het die idee groot meriete. Die probleem ontstaan egter wanneer die voertuig wat gekies word self groot gebreke het. Tradisionele gesinne met twee biologiese ouers en kinders raak egter 'n rare artikel. Ons gesinne is op dramatiese wyse aan die verbrokkel. Uitgebreide gesinsstrukture waar kinders gedurende naweke van een na 'n ander gesin pendel, raak die norm.

**4.3.2** In 'n verslag van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge (*First steps to healing the SA Family*, 2011) word op die volgende gewys:

\*Slegs 35% van kinders in SA groei op met beide biologiese ouers in hul huis.

\*Die persentasie kinders met afwesige vaders het van 46% (1996) tot 52% (2009) gestyg.

\*44% van kinders in stede woon by enkelouers.

\*Daar is nagenoeg 1,4 miljoen vigsweeskinders in die land.

\*Slegs 34% van kinders woon in 'n huishouding waar ten minste een van die ouers 'n vaste betrekking het.

**4.3.3** Daar sal dus weer holisties na die saak gekyk moet word. Ons verstaan dat huwelike onder druk is en daarmee saam gesinne en families. Dit bly dus 'n wesenlike vraag hoe 'n holistiese jeugbediening in 2015 behoort te lyk.

## 4.4 DIE NG KERK SE JEUGBEDIENING AAN “A TOTALLY LOST GENERATION”

**4.4.1** Die NG Kerk het oor jare 'n baie effektiewe jeugbediening in wit middelklas jongmense ontwikkel. Kyk dan ook die uiters positiewe resultate van onlangse navorsing soos vervat in die verslag **“SKOKKEND POSITIEF”**. Die vraag, in die lig van resente missionale besluite, is egter wat ons strategie is om miljoene jongmense, wat nie tradisioneel deel van die NG Kerk was nie, te bereik?

**4.4.2** Die miljoene ouerlose, ongeskoolde, hooplose, bitter en aggressiewe jongmense wat witmense nie vertrou nie, is 'n enorme uitdaging. Diep nadenke hieroor is nodig.

## 4.5 JEUGWERKERS AS MAATSKAPLIKE HULPWERKERS

**4.5.1** Daar het die afgelope tyd 'n unieke geleentheid ontstaan wat die rol van jeugwerkers in skole meer toepaslik en haalbaar gemaak het. Die moontlikheid bestaan nou dat jeugwerkers ook as **maatskaplike hulpwerkers** opgelei kan word en wanneer hulle dan aangestel word om broodnodige werk in skole te doen, ook dan deels deur die staat betaal word.

**4.5.2** Gemeentes wat dink dat dit dalk in hulle konteks 'n moontlikheid is, word versoek om met die Hugenote Kollege op Wellington te skakel om opleidingsmoontlikhede te bespreek.

## 4.6 STRUWIG EKO-RESERVAAT

**4.6.1** Binne die Balule-reservaat, teenaan die Krugerwildtuin, lê 'n 900 ha wildsplaas wat 4,5 km ongerepte rivierfront met die Olifanstrivier deel. Die plaas is na 'n erflating in gesamentlik besit van die NG Kerk, die Voortrekkers en die Rapportryers. Die vernaamste begunstigdes in die testament was die jeug.

**4.6.2** Alhoewel lede van die drie organisasie (soos lidmate) teen 'n afslagprys daar kan gaan bly, bly die fokus daarop om die ongerepte natuur (die Groot Vyf kom op die plaas voor) aan jongmense bekend te stel. Dit word dan plaaslik en internasionaal gedoen. Vir die doel is daar 'n uitmuntende jeugsentrum met 'n boma en konferensiefasiliteite teen die rivier gebou. Daar is ook 'n "boskamp" waar daar letterlik in die veld in tente gebly kan word.

**4.6.3** Die plaas het 11 voltydse personeellede en een deeltydse manstudent wat op die plaas is, en word baie goed deur drie persone uit elke organisasie bestuur wat saam 'n bestuurspan vorm. Louis Lemmer, Jurgens de Jager en Louis Pienaar verteenwoordig die NG Kerk op die bestuurspan.

**4.6.4** Die volgende drie persone is as trustees aangewys en aanvaar finale verantwoordelikheid: Braam Hanekom (voorsitter, NG Kerk); Ruurd van der Wal (Rapportryers); Danie Langner (Voortrekkers). Kyk ook by **A.4** tov positiewe verwickelinge oor die Trust.

**4.6.5** Enkele samevattende opmerkings kan oor die werksaamhede op en uitdagings van die plaas gemaak word:

\*1 'n Groot kontrak maak dat die plaas goed besoek word deur internasionale jongmense wat daar eko-opleiding ontvang.

\*2 Dit is steeds 'n uitdaging om meer van ons eie jongmense daar te kry.

\*3 Staptogte en wildbesigtigingsritte is beskikbaar, maar 'n nuwe wildbesigtigingsvoertuig word dringend benodig. 'n Skenking in dié verband sal ongelooflik baie waardeer word.

\*4 Die plaas se finansies klop tans en dit kos die drie organisasies niks nie. Ons het dus 'n bate van ongeveer R40 miljoen vir eie gebruik wat ons niks kos nie. Groot dank aan die bestuurspan wat dit onder meer moontlik maak.

\*5 Die plaas maak ons intens bewus van die druk wat daar tans deur stropers en mynbou-aktiwiteite op die ekologiese erfenis van ons land geplaas word. Groot koste moet aangegaan word om die plaas te beveilig en ongelukkig het ons geen ander keuse as om jaarliks op 'n goedgekeurde en gekontroleerde basis enkele diere te laat jag nie. Dit dra dan die bewaringsuitgawes.

**4.6.6** Persone wat graag meer oor Struwig wil weet, kan gerus die webblad besoek by [www.struwig.co.za](http://www.struwig.co.za).

## Besluite:

### **JEUGBEDIENING: Geloofsvorming** (T.8.3.1 bl 1 pt 1, Notule Dag 3 pt 13)

**1.1** Die Algemene Sinode vestig 'n Projekspan vir Jeugbediening om in ooreenstemming met die goedgekeurde Missionale transformasie alle bestaande en moontlike nuwe jeug-subspanne en inisiatiewe te koördineer met die oog op beleidsbepaling en 'n holistiese, inklusiewe ontwikkeling van jeugbediening.

**1.2** Die Algemene sinode versoek die Algemene Steunspan Fondse en Bates om te begroot vir die werksaamhede van die Projekspan vir Jeugbediening sowel as die subspanne vir Kategese, Jeugnetwerke (*#imagine*), Jeugnavorsing en Belydenisaflegging.

### **JEUGINISIATIEWE** (T.8.3.1 bl 2 pt 7, Notule Dag 3 pt 13)

Die Algemene Sinode besluit om in die plek van die bestaande "Jeugnetwerk" 'n nuwe Subspan vir Jeuginisiatiewe te vestig wat as deel van bg Projekspan ook vennote in jeugbedienings in ekumeniese verband in 'n netwerk inbind – byvoorbeeld *#imagine*.